

Definisie van Instemming

Instemming is 'n bewustelike, vrywillige en wederkerige besluit tussen alle partye om aan seksuele aktiwiteit deel te neem. Instemming kan mondelings of deur daade gekommunikeer word, solank daardie woorde of daade duidelike toestemming en bereidwilligheid oordra om in seksuele aktiwiteite betrokke te raak. Stilsweye, of 'n afwesigheid van weerstand, in isolasie, kan nie as instemming gesien word nie. Die definisie van instemming verander nie gebaseer op 'n persoon se geslag, seksuele oriëntasie, geslagsidentiteit of geslagsuitdrukking nie.

Instemming tot enige seksuele daad, of vorige instemming tot seksuele aktiwiteit met 'n ander party, kan nie as instemming tot enige ander seksuele daad gesien word nie.

Instemming word vereis ongeag of die persoon wat die daad inisieer onder die invloed van dwelms of alkohol is.

Instemming wat aanvanklik gegee is, mag enige tyd teruggetrek word.

Instemming kan nie plaasvind wanneer 'n persoon nie die vermoë het om bewustelik te kies om deel te neem aan seksuele aktiwiteite nie. Hierdie onvermoë kan die gevolg wees van bewusteloosheid of slaap, teen eie wil geforseer, of enige ander rede wat 'n persoon kan verhoed om in te stem. Afhangende van die vlak van dronkenskap, mag iemand wat onder die invloed van alkohol, dwelms, of ander middele is nie bevoegd wees om instemming te gee nie.

Instemming kan nie plaasvind wanneer dit die gevolg van manipulasie, intimidasie, dwang of dreigemente is nie.

Wanneer instemming teruggetrek word of nie meer kan plaasvind nie, moet seksuele aktiwiteite ophou.

Amnestie van Dwelm- en Alkoholgebruik aanklagte

Die gesondheid en veiligheid van elke student by Rockland Community College is uiters belangrik. RCC besef dat studente wat gedrink en/of dwelms gebruik het (hetsy willekeurig of onwillekeurig) ten tye van die voorval, wat onder andere mag insluit gesinsgeweld, afspraakgeweld, agtervolging, of seksuele aanranding, huiwerig mag wees om die voorval te rapporteer uit vrees dat hulleself vervolging en dissiplinêre aksie in die gesig mag staar. RCC moedig studente ten sterkste aan om voorvalle van gesinsgeweld, afspraakgeweld, agtervolging, of seksuele aanranding te rapporteer aan die instansie. 'n Getuie wat in goeder trou optree en 'n voorval van gesinsgeweld, afspraakgeweld, agtervolging, of seksuele aanranding aan RCC beamptes rapporteer sal nie aan RCC's se dissiplinêre proses onderwerp word vir oortredings van alkohol- en/of dwelmgebruik wat rondom die tyd van die voorval gepleeg is nie.

Handves van studenteregte

Alle studente het die reg om:

'n Klag te lê by die plaaslike wetstoepassers en/of staatspolisie.

'n Verklaring te maak van gesinsgeweld, afspraakgeweld, agtervolging, en seksuele aanranding wat in 'n ernstige lig beskou word.

'n Besluit te maak of 'n misdadig gerapporteer gaan word, aldan nie, en of daar deelgeneem gaan word in die regs- en dissiplinêre prosesse en / of kriminele regsproesse sonder enige druk deur die instansie.

Deel te neem aan 'n proses wat regverdig en onpartydig is, en wat genoegsame vooraf kennis en 'n geleentheid om gehoor te word bied.

Met respek en waardigheid hanteer te word en om by die instansie vriendelike, regverdige en respekvolle gesondheidsorg en berading te ontvang, waar dit beskikbaar is.

Vry te wees van enige voorstel dat die party wat die klag lê enige skuld het aan die oortredings en misdade, en dat die voorval vermy kon word indien anders opgetree is.

Die voorval aan so min institusionele verteenwoordigers as wat prakties moontlik is moet beskryf, en om nie vereis te word om die beskrywing van die voorval onnodig te herhaal nie.

Beskerm te word van optrede deur die instansie, enige student, die beskuldigde en/of respondent, en/of familie en kennisse binne die jurisdiksie van die instansie.

Toegang te hê tot ten minste een vlak van appèl op 'n besluit.

Vergesel te word deur 'n adviseur van eie keuse wat hulp mag verleen aan die klaer, beskuldigde of respondent gedurende die geregtelike en dissiplinêre prosesse, insluitend alle vergaderings en verhore verwant aan so 'n proses.

Siviele regte en geloofsvryheid te beoefen sonder inmenging deur die ondersoekspan, kriminele regstelsel, regstelsel of dissiplinêre prosesse van die instelling.

Regte geld ongeag ras, kleur, nasionale herkoms, geloof, oortuigings, ouderdom, gebrek, geslag, geslagsidentiteit of uitdrukking, seksuele oriëntasie, finansiële stand, swangerskap, genetiese eienskappe, militêre status, gesinsgeweld-slagofferstatus, of kriminele skuldigbevinding en ongeag of die misdadig op kampus, van kampus af, of tydens oorsese studies plaasgevind het.

U het die reg om 'n klag te lê by die Universiteitspolisie, Kampussekuriteit, plaaslike wetstoepassing, en/of staatspolisie, of om te kies om nie 'n klag te lê nie. U het ook die reg om die voorval aan die instansie te rapporteer, om beskerm te wees teen enige optrede, en om hulp en hulpbronne van die instansie te ontvang.